Welkom Yizani Beleggings Beperk

Registrasienommer 2006/021434/06
("die Maatskappy")

KENNISGEWING VAN ALGEMENE VERGADERING VAN DIE AANDEELHOUERS VAN DIE MAATSKAPPY

Kennis word hiermee gegee van 'n gekombineerde Algemene Vergadering van die gewone en voorkeuraandeelhouers van die Maatskappy, wat op Dinsdag 15 Desember 2009 om 10:00 in Balsaal-Oos, Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum, Konvensieplein, Laer Langstraat 1, Kaapstad gehou sal word, om die Spesiale en Gewone Besluite soos hieronder uiteengesit te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem.

Let asseblief daarop dat die registrasietoonbank vir registrasie om die Algemene Vergadering by te woon en daarop te stem, op Dinsdag 15 Desember 2009 van 08:00 tot 09:45 oop sal wees.

Tensy anders vermeld of waar die konteks anders aandui, is die omskrywings en vertolkings wat op bladsy 3 van hierdie Omsendbrief begin, op hierdie Kennisgewing van Algemene Vergadering van toepassing.

Spesiale Besluit 1 – Wysigings aan Statute van die Maatskappy

"Onderhewig aan die aanneming en registrasie (in die mate wat dit nodig is) van Spesiale Besluit 2 en Gewone Besluite 1 en 2, is daar besluit dat, met ingang van die eerste Sakedag na die datum waarop hierdie Spesiale Besluit 1 en Spesiale Besluit 2 deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word, die bevoegdheid aan die Maatskappy verleen word en dat die Maatskappy gemagtig moet word en hiermee gemagtig word om die wysigings aan die Maatskappy se Statute aan te bring en te implementeer soos uiteengesit in die uittreksels aangeheg as Aanhangsel II by die Omsendbrief, wat vir identifikasiedoeleindes deur die voorsitter onderteken is, waarvan hierdie kennisgewing deel uitmaak, wat insluit:

1. dat aan die Maatskappy se voorkeuraandeelhouers ("**Voorkeuraandeelhouers**") die regte verleen word om:

   1.1 op enige tydstip, by skriftelike kennisgewing aan die Maatskappy, afstand te doen van hulle reg(te) op die betaling (ten volle of gedeeltelik) van enige opgehoopte, agterstallige en/of addisionele dividende ten opsigte van sy voorkeuraandele ("**Voorkeuraandele**") wat in die Maatskappy gehou word; en

   1.2 by skriftelike kennisgewing aan die Maatskappy te kies om 'n aflosprys ("**Voorkeuraflosprys**") ten opsigte van sy Voorkeuraandele te ontvang, soos bepaal ooreenkomstig die bepalings van statuut 41, teen 'n bedrag wat minder kan wees as die bedrag van die Voorkeuraflosprys wat op die "**Voorkeuraflosdatum**" uitstaande is (dit is die datum waarop die Maatskappy verplig is om Voorkeuraandele af te los, welke datum die vroegste is van die datums soos uiteengesit in statute 41.1.44.1 tot 41.1.44.4) soos uiteengesit in die Voorkeuraandeelhouers se skriftelike kennisgewing aan die Maatskappy;

2. dat aan die "**Meerderheidsvoorkeuraandeelhouers**" (die Voorkeuraandeelhouer wat volgens getal aandele die meerderheid van die Voorkeuraandele hou of, waar daar nie een Voorkeuraandeelhouer is wat 'n meerderheid hou nie, sodanige getal Voorkeuraandeelhouers wat, as hulle gesamentlik optree, 'n meerderheid (volgens getal aandele) van die Voorkeuraandele hou) die regte verleen word om:

   2.1 "**die Gewone Koers**" (dit is 75% van die openbaar gekwoteerde basiese rentekoers per jaar waarteen Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk op ongesekureerde oortrekkings uitleen, maandeliks agterna saamgestel en volgens 'n jaarfaktor van 365 dae bereken ("**die Prima Koers**"), soos aangepas ooreenkomstig statuut 41.20 en/of statuut 41.23) na 75% van die Prima Koers of sodanige laer persentasie as 75% van die Prima Koers te verander as wat die Meerderheidsvoorkeuraandeelhouers op enige tydstip by skriftelike kennisgewing aan die Maatskappy in enige finansiële jaar van die Maatskappy kan bepaal, welke koersverandering in werking sal tree (a) op die datum van sodanige skriftelike kennisgewing of (b) op sodanige ander datum as wat deur die Meerderheidsvoorkeuraandeelhouers in sodanige skriftelike kennisgewing gespesifiseer kan word; en

   2.2 skriftelik met die direksie van die Maatskappy ooreen te kom op 'n datum wat die Voorkeuraflosdatum is;

3. dat statute 41.3 tot 41.32 se nommers verander word na 41.4 tot 41.33, as gevolg van die invoeging van nuwe statuut 41.3; en

4. voortvloeiende wysigings wat voortspruit uit die wysigings waarna in paragrawe 1, 2 en 3 hierbo verwys is.

Die rede vir Spesiale Besluit 1 is om die bestaande Statute van die Maatskappy te wysig om die Meerderheidsvoorkeuraandeelhouers en die Maatskappy in staat te stel om oor stappe ooreen te kom en stappe toe te pas om positiewe waarde vir die Maatskappy se gewone aandeelhouers te skep.

Die uitwerking van Spesiale Besluit 1 is dat die Voorkeuraandeelhouers kan (i) kies om afstand te doen van hulle regte op die betaling (ten volle of gedeeltelik) van enige opgehoopte, agterstallige en/of addisionele dividende ten opsigte van hulle Voorkeuraandele en (ii) kies om 'n Voorkeuraflosprys te ontvang teen 'n bedrag wat minder kan wees as die bedrag van die Voorkeuraflosprys wat op die Voorkeuraflosdatum uitstaande is; en die Meerderheidsvoorkeuraandeelhouers kan op enige tydstip (i) die Gewone Koers verander en (ii) met die Maatskappy ooreenkom op 'n datum wat die Voorkeuraflosdatum uitmaak, en die Statute van die Maatskappy sal dienooreenkomstig gewysig word."

Spesiale Besluit 2 – Wysigings aan Akte van Oprigting van die Maatskappy

"Onderhewig aan die aanneming en registrasie (in die mate wat dit nodig is) van Spesiale Besluit 1 en Gewone Besluite 1 en 2, is daar besluit dat, met ingang van die eerste Sakedag na die datum waarop hierdie Spesiale Besluit 2 en Spesiale Besluit 1 deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word, die bevoegdheid aan die Maatskappy verleen word en dat die Maatskappy gemagtig moet word en hiermee gemagtig word om die wysigings aan die Maatskappy se Akte van Oprigting aan te bring en te implementeer soos uiteengesit in die uittreksels aangeheg as Aanhangsel III by die Omsendbrief, wat vir identifikasiedoeleindes deur die voorsitter onderteken is, waarvan hierdie kennisgewing deel uitmaak, wat insluit:

1. die wysiging van die omskrywing van "**Minimum Beleggingstydperk vir Aandeelhouers**", van 'n tydperk van vyf jaar na sewe jaar, wat op die "**Implementeringsdatum**" (naamlik 8 Desember 2006) begin en op die sewende verjaardag van die Implementeringsdatum eindig;

2. voortvloeiende wysigings wat voortspruit uit die wysigings waarna in paragraaf 1 hierbo verwys is.

Die rede vir Spesiale Besluit 2 is om die "**Minimum Beleggingstydperk vir Aandeelhouers**" met 'n tydperk van twee jaar te verleng. Die uitwerking van Spesiale Besluit 2 is dat die Akte van Oprigting van die Maatskappy dienooreenkomstig gewysig sal word en dat die gewone aandeelhouers van die Maatskappy geregtig sal wees om vanaf 8 Desember 2013 hulle gewone aandele van die hand te sit."

Gewone Besluit 1 – Spesifieke magtiging vir die beheer van 'n gemagtigde maar onuitgereikte aandeel

"Onderhewig aan die aanneming en registrasie (in die mate wat dit nodig is) van Spesiale Besluite 1 en 2 en Gewone Besluit 2, is daar besluit dat, met ingang van die eerste Sakedag na die datum waarop Spesiale Besluite 1 en 2 deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word, ooreenkomstig artikel 221 van die Maatskappywet, No. 61 van 1973, soos gewysig, 1 (een) gemagtigde maar onuitgereikte aandeel in die Maatskappy onder beheer geplaas moet word en hiermee onder beheer geplaas word van die direksie van die Maatskappy, met die oog op die toekenning en uitreiking van sodanige gewone aandeel aan 'n Swart Deelnemer (soos omskryf in die Omsendbrief) teen die pariwaarde van R0,0000001, plus 'n premie van R21 999,9999999."

Gewone Besluit 2 – Magtiging om te teken

"Onderhewig aan die aanneming en registrasie (in die mate wat dit nodig is) van Spesiale Besluite 1 en 2 en Gewone Besluit 1, is daar besluit dat, met ingang van die eerste Sakedag na die datum waarop Spesiale Besluite 1 en 2 deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word, enigeen van die direkteure van die Maatskappy hiermee gemagtig word om namens die Maatskappy alle dokumente te onderteken en alle handelinge uit te voer wat nodig kan wees om aan hierdie Spesiale Besluite en Gewone Besluite uitvoering te gee, en dat alle handelinge wat reeds deur enigeen van die direkteure met betrekking tot hierdie Spesiale Besluite en Gewone Besluite uitgevoer is (insluitend die aangaan van enige ooreenkomste of ander dokumente), hiermee met terugwerkende krag in die geheel bevestig en goedgekeur word."

Stemming en volmagte

Alle geregistreerde gewone en voorkeuraandeelhouers van die Maatskappy sal geregtig wees om persoonlik of by volmag die gekombineerde Algemene Vergadering by te woon en daarop te stem. Toepaslike volmagvorms is ingesluit vir gebruik deur gewone en voorkeuraandeelhouers wat nie die gekombineerde Algemene Vergadering kan bywoon nie maar desondanks daarby verteenwoordig wil word.

Enige aandeelhouer wat geregtig is om hierdie vergadering by te woon en daarop te stem, is geregtig om een of meer persone as sy/haar gevolmagtigde(s) aan te stel om in sy/haar plek die vergadering by te woon, daarop te praat en/of daarop te stem, en daardie gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.

Die instrument of ander gesag wat 'n gevolmagtigde aanstel om die gekombineerde Algemene Vergadering by te woon en daarop te stem, moet ingehandig word by die Maatskappy se Oordragsekretaris, Link Market Services South Africa (Eiendoms) Beperk, 16de Verdieping, Diagonalstraat 11, Johannesburg 2001 (Posbus 4844, Johannesburg 2000), of moet gefaks word na 086 674 2450, teen nie later nie as 10:00 op Vrydag 11 Desember 2009.

Op las van die Direksie

Lurica J Klink
Maatskappysekretaris

Kaapstad
12 November 2009

sappi
triple green
sugar cane fibre. chlorine-free. sustainable afforestation.

GEDRUK DEUR INCE (PTY) LTD

REF: W2CF08394